# 31Mei 2023 - Lesing 36 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Eindtyd profesie - Is jy een van Myne? **–** 30/7/57

**NO: 6882** Wie homself as deel van Myne beskou, **sal weet** dat die tyd van die einde ook aangebreek het, dat die mensdom voor ‘n geestelike en aardse keerpunt staan. **Want die Gees spreek tot Myne** want hulle kan innerlik deur die Gees aangespreek word. Hulle hoor dus My stem, direk of as gedagte en hulle **neem die woord, wat deur My bodes aan hulle gebring word en wat van My afkomstig is, ook gelowig aan**.

Myne weet dus in welke tyd hulle lewe. Hulle weet dat die laaste uur spoedig op die wêreldklok sal slaan, **dat die nag op hierdie aarde vir tallose mense aangebreek het.** Dat daar egter ook ‘n **nuwe dag** aanbreek vir die ander, - vir die weinige wat aan My trou sal bly tot aan die einde, diegene **wat aan My kleine kudde behoort** wie Ek dus “Myne” noem. Hulle het dus nog ‘n taak op aarde. **Hulle moet hulle medemens ook vertel wat die aarde te wagte staan**. Dit sal nie maklik wees nie. Want hoe oortuig Myne ookal van die waarheid van My Woorde sal wees, dus ook van die aankondigings oor die einde en die laaste oordeel, hulle medemens sal tog geen geloof aan hulle skenk nie, maar veel eerder hulself onwillig afwend wanneer teenoor hulle melding gemaak word van ’n laaste oordeel.

Maar julle wat Ek kan aanspreek, julle moet steeds weer probeer om daaroor te spreek dat die einde wat deur My aangekondig is, nie meer lank op homself sal laat wag nie. **As bewys daarvan sal julle ook moet wys op die natuurkatastrofe wat vooraf nog die hele wêreld in beroering sal bring**. Julle moet hulle duidelik maak dat met ewe groot sekerheid die **daarop-volgende einde** ook verwag kan word. Want deur die natuurgebeure wil Ek die mense nog ‘n laaste waarskuwing, ‘n laaste aanwysing gee, sodat hulle makliker kan glo wat julle aan hulle in My opdrag gesê het.

Wie dus self in die “lig” staan, moet ook lig in die duisternis laat straal. Wie self in My en My Woord glo, moet ook probeer om sy medemens tot geloof te bring en in alle liefde op hulle inwerk sodat hy nie teen weerstand stuit nie. Daarom sal die natuurgebeure nie meer lank op homself laat wag nie, **wat tog daartoe sal bydra dat die mense voorberei sal word op die einde**. Ook sal julle melding moet maak van die natuurgebeure, van **My ingryping**, waarvan elke mens kennis sal neem. Want dit sal van ‘n **ontsaglike omvang wees** en sal nie net as ‘n alledaagse gebeurtenis afgemaak kan word nie.

Julle moet onophoudelik op hierdie gebeure wys en nie bang wees om openhartig daaroor te spreek nie, want dit sal plaasvind met onomstootlike sekerheid. En wie deur julle daarvan verneem het, sal ook makliker glo aan die einde wat deur My verkondig is.

Myne moet dus vir My **gedugte medewerkers** wees, al bestaan hulle werk maar net daarin om oor die komende dinge te spreek. Dan bewys hulle My al ‘n groot diens, want Ek wil dat die mense daarvan weet. Ek kan hulle dit egter alleen deur die mond van mense laat weet, - wat hulle dan kan glo of ook nie. Maar hulle het dan daarvan gehoor en sal ook daaraan dink wanneer die dag aangebreek het waarvoor die hele wêreld hul asem sal inhou **vanweë die natuurgebeure wat ontsaglike leed sal bring oor die mense wie dit sal moet beleef.**

Vrees nie dat julle misleidende voorspellings sal versprei nie, maar spreek vry en openlik uit wat Ek julle Self laat weet het sodat julle My Woorde onvoorwaardelik kan glo. Hulle kan julle nie as leuenaars uitmaak nie, omdat hulle die bevestiging daarvan, vinniger as wat hulle dink, sal ervaar. Hierdie kennis sal die mense daartoe beweeg om hulle twyfel oor die aankondigings oor die einde op te gee en dan sal al veel bereik wees. Want dan kan hulle hulself nog voorberei en **dus gered wees** van die afgrond. Amein.